

**Woensdag 7 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 9:1-12**

**Fokusgedeelte: Openbaring 9:1**

**God gebruik die bose om die sondige wêreld tot bekering te roep**

Wanneer die vyfde engel op sy trompet blaas, sien Johannes 'n ster wat van die hemel op die aarde val. Hierdie ster is Satan. Jesus het met sy koms na die aarde Satan en sy magte oorwin. Tog het Satan nog beperkte mag omdat God die sleutel van die skag na die onderaardse diepte aan hom gegee het.

Satan sluit die onderaardse diepte oop sodat daar rook uit die skag van die onderaardse diepte opgestyg het. Uit die rook het daar sprinkane oor die aarde uitgeswerm, en aan hulle is dieselfde krag gegee as dié van skerpioene op aarde.

Sprinkane verwoes gewoonlik die plantegroei, maar hierdie sprinkane kry die opdrag om nie die plante te eet nie. Hulle moet op die mense toesak en hulle pynig. Vyf maande lank moet hulle dit doen – ongeveer die leeftyd van 'n sprinkaan.

Die rook en sprinkane is die bose geeste en al die bose werk wat hulle doen. Die bose geeste verlei, mislei, en bring vernedering en hartseer in mense se lewens. Baie mense lieg en bedrieg, en hou hulleself besig met onsedelikheid en uitspattige partytjies. Alles gaan net oor hulle eie gemak en plesier, en hulle wil niks te doen hê met God se kerk nie. Maar op die ou end ly al hierdie dinge tot groot hartseer omdat hulle deur die bose gepynig word.

Ons moet die beskrywing van die sprinkane as 'n geheel verstaan. Die manier hoe die sprinkane lyk, wys vir ons hoe skrikwekkend hulle is, en hoe hulle te werk gaan om mense te mislei en te pynig. Satan is hierdie bose geeste se koning. In Hebreeus word hy ook Abaddon genoem, en in Grieks Apollion. Abaddon en Apollion beteken "verwoester".

God gebruik die bose geeste om die sondige wêreld te oordeel en hulle tot bekering te roep. Maar gelowiges het nie nodig om bang te wees vir die duiwel nie. Jesus Christus het met sy kruisdood en opstanding die duiwel en al sy magte oorwin, en ons deel in daardie oorwinning! Ons is nou op pad na die finale oorwinning wat gaan aanbreek met Jesus wederkoms.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*